# OosieNUUS

ONS OOSIE WÊRELD

**35/2025** **16 Oktober 2025**

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

**Geagte Ouers, Voogde en Leerders**

Dit is wonderlik om almal terug te verwelkom ná die kort vakansie!

Die kwartaal begin met heelwat opwinding en groot mylpale vir ons matrieks. Die matriekafskeid op 10 Oktober was 'n hoogtepunt – ons seuns en dogters het pragtig gelyk, die motors het behoorlik laat koppe draai, en die aand was gevul met styl en goeie gees. 'n Groot dankie aan almal wat die funksie so mooi laat afloop het!

Die klokseremonie en kerkdiens op 17 Oktober is 'n spesiale oomblik waar ons as skool van ons matrieks afskeid neem ná vyf wonderlike jare saam. Op 21 Oktober begin hulle met die eindeksamen, en ons wens elkeen van hulle sterkte toe met hierdie groot stap vorentoe. Julle harde werk gaan beslis nuwe deure vir julle oopmaak! 'n Groot dankie aan elke matrikulant en hul ouers vir dit wat julle vir Oos-Moot beteken het – op die sportveld, in die klaskamer, en oral waar julle betrokke was. Julle laat groot skoene om vol te staan!

Vir die res van ons lê daar ook voorbereiding vir die eksamen voor. Die graad 8 tot 11-leerders begin op 27 Oktober skryf. Gebruik die tyd goed vir hersiening, moenie onnodig afwesig wees nie, en maak gebruik van platforms soos Wolkskool om voor te berei.

Ons is trots op ons hengelaars en bergfietsryers wat gedurende die afgelope skoolvakansie aan Nasionale Kampioenskappe deelgeneem het en uitstekend presteer het. Leam van Veenhuyzen (o.14 bergfietsryer) het in drie fietsrykategorieë naamlik criterium, tydtoets en padren in die top 10 van sy ouderdomsgroep geëindig.

En vir 'n bietjie pret voor die eksamen begin, is daar op 17 Oktober 'n sokkie vir slegs ons Oosie-leerders. Kom kuier lekker saam, maar onthou om altyd ons naam met trots te dra.

Belangrike inligting vir Graad 8's 2026: Ouers kan vanaf 16 Oktober kommunikasie van die Departement van Onderwys verwag rakende hul kinders se registrasies.

Sterkte aan almal met die laaste paar weke van die jaar – hou fokus, gee jou beste, en maak die kwartaal 'n mooi afsluiting van 2025 se skooljaar!

Oosie-groete
**Me S Theron (HOOF)**

## BELANGRIKE DATUMS EN KONTAKBESONDERHEDE

**BELANGRIKE DATUMS**

- 17 Okt. : Gr.12's klokseremonie & diens
  Rapporte aan leerders
  Stoetbul Sokkie (slegs Oosies)
  Gr.8 en 9 Sweminterhuis
  **Gr.10 en 11 English Paper 3 - eksamenvraestel**
- 20 Okt. : Gr.12's aanvang van bloktyd
- 21 Okt. : Sport & Kultuur prysuitdeling
- 23 Okt. : Gr.12 Glinsteraand
- 28 Okt. : Algemene jaarlikse ouerverg.

**Kontakbesonderhede** van bestuur en graadvoogde is op die skool se webwerf beskikbaar

## FORMELE KENNISGEWING: ALGEMENE JAARLIKSE OUERVERGADERING

Ons nooi AL ons huidige ouers uit om hierdie vergadering by te woon. Die skool se begroting, skool- en ander fondse vir 2026 word tydens hierdie vergadering goedgekeur.

Datum : 28 Oktober 2025
Tyd : 18:00 vir 18:30
Plek : Skoolsaal

Skakel: Formele uitnodigingskrywe, agenda en begroting (2026)
Die bywoning van hierdie vergadering is uiters belangrik, aangesien belangrike finansiële en administratiewe sake bespreek en goedgekeur moet word.

## AKADEMIE

### Finale November eksamenrooster en eksamen-reëls (Gr.8 tot 11)

Eksamenrooster
Daar is 'n klein aanpassing op die eksamenrooster vir **Graad 10 gemaak**. Die finale rooster is nou beskikbaar op die skool se webwerf en sal ook aan hierdie leerders uitgereik word. Maak asseblief seker dat julle daarna kyk, sodat julle gereed is vir die eksamens!

Eksamenreëls en reëlings (Gr.8 tot 11)s
Die inligting is aangeheg as Aanhangsel A en ook op die skool se webwerf beskikbaar.

### Graad 12-leerders

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike datums rakende die matrikulante se akademiese program vir die res van die jaar:

- 17 Oktober – klokseremonie en diens.
- Vanaf 20 Oktober – aanvang van bloktyd vir die November-eindeksamen (slegs vir graad 12-leerders).
- Eindeksamenrooster – beskikbaar op die skool se webwerf.

### Graad 10 en 11 (English Paper 3)

Hierdie leerders skryf die *English Paper 3* eksamenvraestel op:
Datum : **17 Oktober**

### Fisiese Wetenskap Werkboeke 2026

Hiermee 'n **belangrike kennisgewing** vir ons Fisiese Wetenskap leerders wat WERKBOEKE VIR 2026 bestel of reeds bestel het.

Ons wil graag 'n regstelling maak ten opsigte van die "VERWYSINGS" wat vir die betalings gebruik moet word.

Gebruik asseblief die onderstaande verwysings wanneer betalings gedoen word (gedeelte in HAKIES).
- Graad 10 werkboek: (Naam+Van+406)
- Graad 11 werkboek: (Naam+Van+407)
- Graad 12 werkboek: (Naam+Van+408)

Belangrik:
- By die verwysing is dit die leerder se naam en van wat gebruik moet word.
- Ouers wat reeds betalings tot en met vandag, 15 Oktober gemaak het, word versoek om die bewys van betaling te stuur aan me. A Jacobs by finansies@oos-moot.co.za. Ons benodig die inligting vir die allokasie van die betalings teen u leerder se naam.

Die skrywes is by die onderstaande skakels beskikbaar:
Graad 10
Graad 11
Graad 12

### Toerisme Studiegidse 2026

Die skool gaan in 2026 weer vir die graad 10-, 11- en 12 Toerisme leerders 'n volkleur, gepubliseerde studiegids gebruik. Leerders ontvang 'n inligtingskrywe in hierdie verband. Die skrywe is by die onderstaande skakels beskikbaar:
Graad 10
Graad 11
Graad 12

### Handboekinname

Met die eksamen wat binnekort begin, deel ons graag die reëlings vir die inhandiging van handboeke. Die skool voorsien handboeke gratis aan al ons leerders, daarom is dit belangrik dat boeke in 'n goeie toestand teruggegee word sodat dit volgende jaar weer uitgereik kan word.

Ons vra dat alle reëlings hieronder noukeurig gevolg word, sodat die proses vinnig en sonder probleme verloop.

**Belangrik:**
Alle leerders moet hul handboeke volgens onderstaande riglyne betyds en netjies inhandig.

**Voorbereiding van handboeke**

- Maak seker dat elke handboek met plastiek oorgetrek is.
- Leerder se naam en van moet duidelik binne in die boek aangedui wees.
- Los blaaie moet netjies vasgeplak word.
- Indien die voorblad of agterblad los is, plak dit asseblief vas.
- Plastiek kan, indien nodig, by die boekstoor verkry word**.**
- 'n Boek wat nie aan die vereistes voldoen nie, moet eers reggemaak word voordat dit aanvaar kan word — wat die inhandigingsproses vertraag.

⚠ Let asseblief daarop:

- GEEN onoorgetrekte en/of beskadigde handboeke sal aanvaar word nie.
- Indien jou boek weens swak toestand geweier word, mag dit nie op die tafels agtergelaat word nie.
- Die boek bly teen jou naam geregistreer en jy sal dit self in die stoorkamer tussen honderde boeke moet gaan soek.

**Tyd van inhandiging**

- Getrou en deurlopend – die oggend vóór hul eksamensessie.
- Moet nie wag om alles aan die einde van die eksamen in te handig nie. Dit veroorsaak onnodige lang rye, en die rekenaarstelsel kan nie groot volumes op een slag hanteer nie.
- Handboeke word in die restaurant by verskillende rekenaarpunte ingehandig.
- Luister soggens na die instruksies wat deur personeel gegee word.

Tydskedule per graad

| Graad 12 | |
|---|---|
| *Handig die handboek(e) van die vak wat jy dié dag skryf in, **VOOR** jou eksamensessie.* | |
| Eerste sessie | 06:45 – 08:00 |
| Tweede sessie | 12:30 – 13:00 |

| Graad 10/11 | |
|---|---|
| *Handig die handboek(e) van die vak wat jy dié dag skryf in, **VOOR** jou eksamensessie.* | |
| Eerste sessie | 06:45 – 07:30 |
| Tweede sessie | 12:00 – 12:30 |

| Graad 8/9 | |
|---|---|
| *Handboeke van die vorige dag se vak word die volgende oggend **per klas ingesamel**.* | |
| Tyd | 06:30 – 07:20 |
| Omdat daar studiesessies is, kan leerders die betrokke handboek sommer in hul eksamenlokaal los tot die volgende oggend. | |

**Let wel:** Handboeke vir die laaste vak word dieselfde oggend ingehandig. Leer dus by die huis, of bring slegs notas saam.

**Verlore of beskadigde handboeke**
In die geval waar 'n handboek verlore of beskadig is, is die proses soos volg:

- Betaal by die finansieskantoor.
- Bring die kwitansie na die handboekstoor as bewys van betaling.
- Moenie wag tot die dag van rapportuitdeling nie – daar sal baie lang toue wees. Hanteer dit so gou as moontlik.

| Boeksoort | Vervangingskoste |
|---|---|
| Handboek Gr.8 en 9 | R250 |
| Handboek Gr.10 tot 12 | R275 |
| Wiskunde Gr.8 tot 12 | R400 |
| Leesboeke | Pryse wissel - doen navraag by die boekstoor. |

Dankie vir almal se samewerking.

## GRAAD 12 KLOKSEREMONIE EN DIENS

Ons neem jaarliks, tydens 'n klokseremonie en kerkdiens afskeid van ons matrikulante. Die funksie is geskeduleer vir **17 Oktober** en verloop soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| 08:00 | : | Klokseremonie begin |
| ±09:30 | : | Kerkdiens in die skoolsaal |

Belangrik:
Na afloop van die kerkdiens verdaag die ouers en is daar 'n kort maar baie belangrike inligtingsessie vir die matrikulante. Hul ontvang hul rapporte en baie belangrike inligting aangaande die eindeksamen.

**Kleredrag vir die klokseremonie**
Leerders dra formele, gewone klere en moet asseblief netjies lyk om die formele aard van die dag te weerspieël**.**

## JAARBLAAIE 2025

Ouers wat belangstel om die skool se 2025 Jaarblad aan te skaf, kan dit teen **R200 per jaarblad** doen.

Daar is slegs 'n beperkte aantal jaarblaaie beskikbaar. Betalings moet asseblief in die skool se bankrekening gedoen word met die volgende belangrike verwysing:

Jaarblad + Leerder se naam + Leerder se van

*Let wel: Hou asseblief die kwitansie of EFT-bewys van betaling. Dit moet by Me. M. du Preez (K100) getoon word om die jaarblad te ontvang.*

## KULTUUR

### Mnr en Mej Oos-Moot 2026

**Finaliste vergadering**

Ons nooi die finaliste na hierdie belangrike vergadering:

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 22 Oktober |
| Tyd | : | 14:00 tot 18:00 |
| Plek | : | Klaskamer 48 |

### Rasieleiers: Oudisies vir 2026

Oudisies vir 2026 (huidige Gr8-11 leerders) vind soos volg plaas:

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 21 Oktober |
| Tyd | : | 14:30-16:00 |
| Plek | : | Atletiekveld |

## SPORT

Bepalings, oefentye, programme en uitslae van die onderskeie sportsoorte sal op die skool se webwerf geplaas word (soos dit ontvang word).

## SOSIAAL – SOKKIE 17 OKTOBER 2025



Oosies, ons skop die 4de kwartaal af met 'n heerlike SOKKIE vir slegs Oos-Moot leerders (geen buite-persone nie).

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 17 Oktober |
| Tyd | : | 18:00 - 22:00 |
| Plek | : | Oos-Moot |
| Koste | : | R50 per persoon |

Kaartjies

Vanaf 13 Oktober by die finansieskantoor of op die aand by die hekke.

### Atletiek

Die laaste atletiekbyeenkoms vir 2025.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 24 Oktober |
| Plek | : | Noordheuwel |
| Vervoer | : | Busvervoer (vertrek 12:00) |

Verdere inligting sal aan die atlete deurgegee word.

Navrae kan gerig word aan atletiek@oos-moot.co.za

### Swem – Interhuis Gr.8 en 9

Die finale reëlings vir die sweminterhuis. ***Let wel*** – alle leerders moet by die skool teenwoordig wees aangesien dit in skoolure plaasvind en bywoning verpligtend is.

Let ook daarop dat skoolaktiwiteite bv. die meriete uitstappie van leerders ontneem mag word, sou hul nie gereëlde skoolaktiwiteite wat in skoolure plaasvind bywoon nie:

| | | |
|---|---|---|
| **Datum** | : | 17 Oktober 2025 |
| **Tyd** | : | Direk ná afloop van die graad 12. |
| **Plek** | : | Laerskool Pierneef – Swembadarea |
| **Vervoer** | : | Leerders sal per bus vanaf die skool en terug vervoer word. Geen eie vervoer word toegelaat nie. |

**Kleredrag**

- Leerders kom verkieslik in hul Oosie-drag skool toe.
- Indien leerders nie Oosie-drag aantrek nie, moet hulle volgens hul Interhuisspanne aantrek (sien hieronder).

Interhuisspanne
Amptenare: A, B, C, D, E, F, G, H (Blou)
Burgers: I, J, K, L, M, N, O, P, Q, R (Geel)
Heemrade: S, T, U, V, W, X, Y, Z (Wit)

**Swemdrag**

- Dogters: Vol swembroeke – geen bikini's nie.
- Seuns: Swembroeke – geen speedo's nie.

Ouers word vriendelik versoek om toe te sien dat leerders gepas geklee is.
*Alle oortredings van die skool se kleredrag- en slenterdragkode sal dienooreenkomstig hanteer word.

**Toestemmingsbrief/vrywaringsvorm**

Alle leerders wat die geleentheid gaan bywoon, moet 'n toestemmingsbrief/vrywaringsvorm invul en dit teen Donderdag, **16 Oktober** by hul voogonderwyser inhandig.

**Kos en verversings**

- Leerders moet hul eie kos en water/koeldrank saambring.
- Daar sal geen aankoopgeleenthede wees nie.
- Bring 'n herbruikbare waterbottel.
- Geen energiedrankies of koeldrank in glasbottels of blikkies word toegelaat nie.

**Wat om saam te bring**

- Handdoek
- Sonbrandroom
- Pet of sambreel
- Ekstra stel droë klere

⚠ Geen waardevolle items of elektroniese toestelle (soos selfone) in die swembadarea nie.
Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore items nie.

**Gedragskode**

- Dit is 'n skoolaktiwiteit en alle reëls en beleide van Hoërskool Oos-Moot bly van krag.
- Ongepaste gedrag, taalgebruik of kleredrag sal dissiplinêr hanteer word.
- Alkohol, rook of vapes en wapens is streng verbode.

**Noodgevalle en kontakbesonderhede**

- Daar sal noodhulp en gekwalifiseerde lewensredders teenwoordig wees.
- Personeel hou voortdurend toesig rondom die swembadarea.

Graad 8: Me J. Botha
079 207 4415 | j.botha@oos-moot.co.za
Graad 9: Me N. Pfeil
066 416 6252 | n.pfeil@oos-moot.co.za
Skoolkantoor: Me M. Kok
(012) 332 0601 | oosmoot@oos-moot.co.za

**BELANGRIK:**
**Die volgende moet voltooi word:**
Kort Google vorm
Toestemmingsbrief/Vrywaringsvorm

Navrae kan gerig word aan t.ferreira@oos-moot.co.za.

**Gala-datums in Oktober vir 2025 swemspan**

| Datum | Plek |
|---|---|
| 23 Okt. | Woodhill Program |
| 30 Okt. | Hatfield Christian School |

Navrae kan gerig word aan: sport@oos-moot.co.za

## PVM NUTRITIONAL SCIENCES EN OOS-MOOT

**Bestelling van PVM produkte**

**PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!**

**Bestellings**

- Let asseblief op die **bestellingsdatums.**
- Voltooi die aangehegte **nuwe bestelvorm**.
- Stuur die voltooide vorm per e-pos na: **pieterses@oos-moot.co.za**

**Besteldatums**

- 15 – 21 Oktober
- 31 Oktober – 7 November
- 17 – 21 November
- 1 – 5 Desember

**Aflewerings**

- Aflewering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.
- U sal 'n e-pos ontvang met die dag en tyd waarop u, u bestelling by die skool kan kom afhaal.

**Bestelvorm (elektronies)**




## VIR ONS GRAAD 8'S VAN 2026

Welkom! Hierdie deel van die nuusbrief is spesiaal vir jou en jou ouers. Hier deel ons al die belangrike nuus, datums en inligting deel wat vir 2026 vir julle van belang is.

## AANLYN REGISTRASIES




## SKOOLDRAG EN GR.8 SKRYFBEHOEFTES

**Skooldrag**

**Amptelike skooldrag – Pasdag op 25 Oktober!**

Hoërskool Oos-Moot beskik oor 'n eie klerewinkel waar alle amptelike skooldrag teen kompeterende pryse beskikbaar is. **Katalogus en pryslys** is op die webwerf beskikbaar.



## Graad 8 skryfbehoeftepakkette



**Alles wat jy nodig het!**

Jy kan nie jou skooljaar sonder jou **skryfbehoeftes** begin nie! Jy is welkom om self jou skryfbehoeftes aan te skaf volgens die lys wat **in die volgende nuusbrief** voorsien sal word, **óf** jy kan die volledige **skryfbehoefte-pakket** direk by die skool aankoop.

## Tasse



- Ons leerders ontvang elke jaar GRATIS handboeke, op 'n uitleenbasis, by die skool.
- Om te verseker dat die handboeke in 'n goeie toestand bly vir die komende jare se leerders, word leerders volgens die skoolreëls verplig om 'n skooltas **met afskortings (4+ afskortings)** te hê.
- **Geen sleep-/wieletjietasse nie.**

*Let wel*: Die graad 8-leerders het 'n groot aantal handboeke. Die tasse is beskikbaar by ons skoolklereverskaffers.

## SPORT

As jy lief is vir sport, nooi ons jou graag uit om by van ons sport se voorseisoen-oefeninge in te skakel.

Dis 'n lekker kans om jou spanmaats te leer ken, jou fiksheid op te bou en deel te wees van die Oosie-gees nog voordat jy amptelik in 2026 by Oos-Moot instap. Ons sien daarna uit om jou op die veld te sien!

## Atletiek



**Atletiekvoorseisoen – Kom oefen GRATIS saam!** Ons nooi al ons voornemende graad 8-leerders van 2026 uit om nou al by ons atletiekvoorseisoen-oefeninge in te skakel. Die oefentye is by hierdie skakel beskikbaar. Vir navrae kontak: ✉ Mnr HJ van Aswegen – atletiek@oos-moot.co.za

## NUUSBRIEFADVERTENSIES


Adverteer in ons skool se nuusbrief. Kostes en volledige inligting by die skakel.








NG RIETFONTEIN-NOORD
NAGMARK
25 Oktober 2025
16:00 tot laat
Lewendige musiek
Kosstalletjies
Lekkernye
Uitstallers met verskeidenheid produkte
Kontakpersoon - Berdine - 072 206 4509


Full
CIRCLE
AESTHETICS
GRADE 11 & 12
SPECIAL OFFER
LASER HAIR REMOVAL
R 399
FULL LEG LASER
BOOK NOW!
Special offer valid for 4 sessions.
First booking to be made before/on
31 October 2025 to qualify for the special offer.
SCAN ME!
Physical address:
35 Soetdoring Avenue, Stone Manor nr 6,
Lynnwood Manor, Pretoria, 0081
email: info@fullcircleaesthetics.co.za
website: www.fullcircleaesthetics.co.za
phone: 072 436 8465
Hours: Mon-Fri 08:00-17:00
Sat 08:00-12:00


Juanita
DU PLESSIS
VENUE: NG KERK WAVERLEY-OOS
1402 DICKENSON LAAN, WAVERLEY
DATUM: 31 OKTOBER 2025
TYD: 19:00
PRYS: R200
Vir meer inligting kontak Sue-Marie at
082 447 2813 of 067 269 4447
of
Resiveer Quiket:
https://www.quicket.co.za/events/332010-optrede-juanita-du-plessis/

**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

**OKTOBER/NOVEMBER 2025: EKSAMENREËLS EN REËLINGS**
Die rooster is op die skool se webwerf beskikbaar. Leerders moet asseblief vroegtydig begin studeer.

**1. GRAAD 8 EN 9**

- Die eksamen begin op **27 Oktober** en leerders is in hul wisselklasse soos onder uiteengesit.
- Meld soggens aan soos uiteengesit op die eksamenrooster.
- Eksamensessies se aanvang word bepaal deur die tydsduur van die betrokke vraestel wat op die dag geskryf word.
- Die voorafgaande tyd word aan studie spandeer en leerders moet genoegsame studiemateriaal saambring.
- Leerders verdaag om **12:00 op eksamendae.**
- Leerders verdaag om **11:00 op studiedae**.

| WISSELKLAS GRAAD 8 | LOKAAL |
|---|---|
| 8/1 | K47 |
| 8/2 | K46 |
| 8/3 | K45 |
| 8/4 | K14 |
| 8/5 | K15 |
| 8/6 | K16 |
| 8/7 | K17 |
| 8/8 | K18 |
| 8/9 | K19 |
| 8/10 | K20 |

| WISSELKLAS GRAAD 9 | LOKAAL |
|---|---|
| 9/1 | K67 |
| 9/2 | K68 |
| 9/3 | K69 |
| 9/4 | K71 |
| 9/5 | K72 |
| 9/6 | K73 |
| 9/7 | K74 |
| 9/8 | K75 |
| 9/9 | K76 |
| 9/10 | K77 |

**2. GRAAD 10 EN 11**

- Aanmeldtye
  - ❖ Sessie 1 : Op die laatste 08:00
  - ❖ Sessie 2 : Op die laatste 12:00

  *Let wel: Leerders moet handboeke inhandig voor die sessie begin.*
- **Sessietye is uiteengesit op die eksamenrooster**.
- Leerders **tree by die volgende areas** aan:
  - ❖ Graad 10 : Paviljoen langs die oostekant van die LO-saal
  - ❖ Graad 11 : Paviljoen by die Sportkantoor
- Leerders verdaag na afloop van hul vraestel.

**3. GRAAD 12**

- Sessietye is uiteengesit op die eksamenrooster.
- Leerders tree voor die saal aan.
- Leerders verdaag na afloop van hul vraestel.

Ons vertrou dat u, as ouers, die leerders sal help en ondersteun om hard te werk tydens hierdie eksamen ten einde hul volle potensiaal te bereik.

**3. AFWESIGHEDE**

Indien 'n leerder afwesig is, geld die normale proses vir afwesighede.

- U moet dus die betrokke graadvoogde in kennis stel van u kind se afwesigheid.
- 'n Geldige sertifikaat (medies/hofbevel/doodsertifikaat of enige ander toepaslike dokumentasie wat as geldig erken word) moet so gou moontlik per e-pos of WhatsApp, maar nie later nie as die eerste dag wat die leerder terug is by die skool, ingehandig word by die graadvoog.
- In die geval waar 'n leerder tydens eksamens/toetse/PAT afwesig is sonder 'n geldige sertifikaat sal die leerder 'n nulpunt ontvang.
- Slegs leerders met wettige afwesighede sal die geleentheid gegun word vir die skryf van sieketoetse. Die datum vir dié toets sal deur die graadvoog aan die ouer en leerder gekommunikeer word.
- GEEN leerder sal toegelaat word om gedurende die dag uit te teken nie.

**4. ALLE LEERDERS MOET TYDENS DIE EKSAMEN ELKE DAG BY DIE SKOOL WEES.**

Leerders moet asseblief **seker maak** op watter dae hulle vraestelle skryf. Vergunnings kan nie gemaak word om vraestelle op ander dae te skryf indien 'n leerder 'n datum verkeerd gehad het nie.

**5. ONGERYMDHEDE TYDENS TOETSE EN EKSAMENS**

Doelbewuste bedrog in enige toets of eksamen, of plagiaat deur enige leerders, word baie ernstig opgeneem. Dit maak deel uit van die opvoedingsproses om te verseker dat leerders die etiese implikasies van plagiaat en bedrog verstaan.

Dit is ook belangrik om leerders bewus te maak van die implikasies van doelbewuste oneerlikheid binne die raamwerk van die skool se etos. Dit staan bekend as 'n onreëlmatigheid wat deur die leerder uitgevoer word om doelbewus/onopsetlik 'n onregverdige voordeel in enige toets of eksamen oor enige ander leerder te probeer verkry. Hierdie onreëlmatighede word na die Skool Assessering Onreëlmatigheidskomitee (SAOK) verwys. Ons verwys na die skool se beleid ten opsigte van Ongerymdhede tydens Toetse en Eksamens.

**6. ANDER BELANGRIKE EKSAMENREËLINGS**

- Alle voorkomsreëls, soos in die leerderdagboek uiteengesit, geld steeds gedurende die eksamentydperk.
- Leerders moet vir die volle duur van die vraestel en studiesessie in die lokale bly.
- Geen leerder sal toegelaat word om 'n vraestel op 'n ander tyd te skryf nie.
- Daar sal in die eksamenlokaal geen ander dokumentasie, leesboeke, selfone, oorfone, slimhorlosies, water, eetgoed ens. toegelaat word nie.
- **GEEN sakke of tasse nie**. Slegs **deursigtige** pennesakkies sal toegelaat word.
- Geen leerder mag enige item by 'n ander leerder leen tydens 'n eksamensessie nie.
- **Graad 8 en 9 leerders** wat die studiesessie **ontwrig** word uit die betrokke eksamenlokaal verwyder en na me M Haasbroek (Visehoof Dissipline) gestuur.
  Dié leerder sal dan eers om 12:00 begin skryf wanneer die ander leerders reeds verdaag het. Die betrokke leerder mag dan eers om 14:00 verdaag. **Enige ongerief wat vir die ouer veroorsaak word as gevolg van die leerder se wangedrag, is ongelukkig die ouer se verantwoordelikheid.**

**7. AMPTELIKE AKADEMIESE DAE EN BESIGTIGING VAN VRAESTELLE (24 EN 25 NOVEMBER)**

Leerders kan op 24 en 25 November in hul onderskeie vakke en klasse hulle vraestelle gaan besigtig.

Let wel: Die vraestel en/of antwoordstel kan egter nie deur die leerder afgeneem of huis toe geneem word nie. Navrae kan aan die vakpersoneel gerig word.

H VAN STADEN
ADJUNKHOOF: AKADEMIE